

HOOFSTUK_3

'N KRITIESE BEOORDELING VAN DIE DOGMATIESE VAN DIE
TRANSVAALSE ONDERWYSORDONNANSIE NO. 53 VAN 1953

3.1 INLEIDING

Met betrekking tot die probleem van dogmatiese of ondogmatiese Bybelonderrig skrywe prof. dr. H.J.J. Bingle die volgende:

"Die leergang vir Godsdiensonderrig in laer sowel as middelbare skole bestaan hoofsaaklik uit Bybelse Geskiedenis. En dit kan ook nie anders nie want die Woord van God is die enigste bron van die besondere openbaring. Hierin alleen vind ons die ware kennis aangaande die eer van God en die eie saligheid. Hiermee staan ons dan onmiddellik op die terrein van die dogma, want wie die Bybel so sien, sien dit gereformeerde. Sô wil ons die Godsdiensonderrig op skool sien want tot hierdie belydenis behoort ons nagenoeg almal. Waar die geleentheid sig dus voordoen dat ons die Bybelse Geskiedenis moet behandel, moet ons die leerling van laer sowel as middelbare skool wys op die geloofs-waarhede wat daarin vervat is. Uit die Skrif moet hy leer wie God is, wie Jesus Christus, wie die Heilige Gees, wat die werk van die drieënige God is; die oorsprong, wese en bestemming van die mens, die kerk, sondeval, genade, verlossing, ens. ens. Indien ons dit nie gaandeweg in laer en middelbare skool aan die kind leer nie, kan ons nie beweer dat ons godsdiensonderrig gee nie. Dit mag wel nog Bybelse Geskiedenis wees sonder om die betekenis daarvan te verstaan, maar niks meer nie. So 'n onderwys sal dan ook in die volle sin van die woord neutraal wees". (1)

Met hierdie uitspraak kan en moet die Calvinistiese Afrikaner hom alleen maar geheel-en-al vereenselwig; slegs sô 'n godsdiensonderrig sal in ooreenstemming met sy geloofsbelydenis wees. Deur die doopbelofte wat hy voor God en die gemeente afgelê het, het die Calvinistiese Afrikaner hom

(1) Bingle, H.J.J. Die Onderrig van Geloofsleer in die Middelbare Skool. Publikasies van die Onderwyskollege van Pretoria, 1958. p.2.

gebind om sy kind, as dit tot sy verstand gekom het, in dié leer na sy vermoë te onderrig of te laat onderrig.⁽²⁾

Die vraag ontstaan nou, in die lig van die onderwys-ordonnansie, in hoeverre die onderwyser in staat is om die kind 'n godsdiensonderrig te kan laat toekom wat in ooreenstemming met die doopbelofte van die ouer is.

Die Smutswet van 1907 het dit baie duidelik gestel dat "*geen leer of dogma*" in enige openbare skool onderwys mag word nie. Hierdie bepaling, tesame met die uiteensetting van genl. Smuts as Koloniale Sekretaris (1907), kon niks anders as 'n kleurlose Bybelonderwys tot gevolg hê nie. Die onderwyser moes gedurig (en natuurlik tevergeefs ook) waak, met die swaard van die wet bokant sy hoof, teen daardie leerstellings wat eie was aan sy eie christelike opvatting en wat onlosmaaklik deel is van sy lewens- en wêreldbeskouing. Dit was onmoontlik om aan hierdie wetsbepaling te voldoen. Tereg is die godsdienstige bepaling van die Smutswet as "*neutraal*" bestempel.

Met die herformulering van art. 34(4) (1907-wet) het die Gekose Komitee van 1952 in sy verslag⁽³⁾ aan die Transvaalse Provinsiale Raad dit duidelik gestel dat 'n blote feiterelaas van die Bybelinhoud nie voldoende is nie en maklik tot onverskilligheid kan lei. Die verslag wys voorts daarop dat Bybelonderwys 'n godsdienstige inslag moet hê en gegrond moet wees op die ewige waarheid soos dit in die Bybel geopenbaar word. Die komitee beoog 'n stelsel van godsdiensonderrig wat sowel kennis as godsdienssin omvat. Hierdie betekenis is dan ook geheg aan die gewysigde nuwe bewoording in subklousule (4), nl. "*onderskeidend van*" in plaas van "*eie aan*". Die Administrateur het in die Provinsiale debat hierdie wysiging verder toegelig met 'n verduideliking dat slegs die eienaardighede van die verskillende sektes uit die godsdiensonderrig uitgeskakel moet word.⁽⁴⁾

(2) Formulier van die Heilige Doop.

(3) Provinsie van Transvaal: Verslag van die Provinsiale Onderwyskomitee. 1952-3, par. 19.

(4) Provinsiale Raad van Transvaal. Verbatim-verslag van die debatte oor die Ontwerponderwysordonnansie - Deel V. p.79, 83.

Word die bewoording van dié nuwe klousule 53(4) met dié in die Smutswet vergelyk,⁽⁵⁾ kom dit, oppervlakkig gesien, voor asof daaruit 'n heeltemal ander gees straal, veral as mens dit sien in die lig van die uiteensettinge van die Gekose Komitee en van die Administrateur. Dit is nou nie meer die "*eie aan*" nie maar die "*onderskeidend van*"; dit wil sê nie meer die leerstellige nie maar die eienaardighede van bepaalde godsdienstige gesindtes en sektes en nie van gevestigde, erkende kerke nie wat geweer moet word.

Maar is daar nou werklik veel verskil tussen die oue (Smutswet van 1907) en die nuwe (Ordonnansie No. 53 van 1953)? Verduidelikings en interpretasies verander nog nie die letter van die bepalings soos dit in die ordonnansie opgeneem is nie. So objektief moontlik word in die volgende paragrawe nagegaan wat werklik in die ordonnansie opgeteken staan.

Die 1953-ordonnansie lui: "*Geen bepaalde leer of dogma*". "*Bepaalde*" sluit tog alle dogma in. Elke leerling in die skool het tog die bepaalde opvatting van die kerk waaraan hy behoort.

"*Onderskeidend van*" skakel ook nog nie die bekende en vandag erkende kerke uit nie. Waarom is daar dan verskillende kerke? Waarom bv. 'n Protestantse kerk as dit nie onderskeidend is van die Katolieke Kerk nie? Volgens hierdie ordonnansie (No. 53 van 1953) mag geen leerstellings verkondig (gedoseer) word nie, want elke leerstelling is tog onderskeidend.

Die begrip "*besondere godsdienstige gesindte of sekte*" kan so vertolk word dat dit alle kerke insluit. Elke kerk het tog sy eie besondere karakter, en "*gesindte*" en "*sekte*" is nêrens in die Onderwysordonnansie gedefinieer nie. Met ander woorde, elke kerk kan as 'n gesindte met 'n bepaalde leer of dogma beskou word.

(5) Vergelyk bylaag B (art. 4) met bylaag A (art. 4).

Oppervlakkig beskou, mag dit voorkom asof die nuwe ordonnansie ruimer geformuleer is, maar inhoudelik en juridies bly dit tog maar nog dieselfde as wat die vorige bepaling ingehou het. Die vraag ontstaan nou waarom dié amptelike vertolkings dan nie by die ordonnansie ingesluit of sekere begrippe nie nader gedefineer is nie. Is hieraan voldoen, ontstaan die volgende vraag: sou die godsdienstige bepalinge van die ordonnansie nog by ons huidige staatskole aangepas het? Sou die wetgewers werklik amptelik só ver kon gaan? Sal sulke pertinente bepalinge dan nie liever tuishoort in 'n stelsel van sê bv. lewensbeskoulik-gedifferensieerde groepskole nie?

Dit is vrae waarmee daar deeglik rekening gehou moet word. Dié reëling van godsdiensoonderrig in staatskole is seer sekerlik nie 'n maklike taak vir die wetgewers nie.

Dit is in elk geval duidelik dat die huidige dogmaklousule die Afrikaanse Calvinisties-christelike gelowiges nog nie naby hulle ideaal vir 'n Calvinisties-christelike skool bring nie, aangesien daar oor die belange van Christen- sowel as nie-Christengroepe gewaak moet word. Nie-Christengroepe wat noodgedwonge van subartikel (3)⁽⁶⁾ gebruik moet maak, moet ook tot die onderwys se verantwoordelikheid gereken word. Indien dit kinders van nie-gelowige ouers is, word dié taak van die christelike staat nog groter. Die staatskool kan dus moeilik bevredig.

Daar kan vandag wel nie beweer word dat die staatskole godsdienstoos is nie, maar aan die ander kant kan daar ook nie beweer word dat die tradisioneel gereformeerde inslag op die skole gewaarborg word nie. Die gees en rigting in die huidige skole word deur die staat bepaal, en nie deur die ouer nie.

En nou, wat van subartikel (6)? Dit lui soos volg:

(6) Sien bylaag B.

"Geen hoofonderwyser of enige assistent-onderwyser wat vir die algemene welsyn van 'n klas of groep of afdeling verantwoordelik is, word as lid van die personeel van 'n openbare skool toegelaat of gehou nie, tensy hy óf bereid is om sonder gewetensbeswaar godsdiensonderrig te gee soos by hierdie artikels vereis, óf aan die Direkteur enige beswaar voorlê wat hy daarteen mag hê om sodanige onderrig te gee". (7)

Veronderstel 'n nie-protestants-christelike onderwyser het geen gewetensbeswaar om godsdiensonderrig te doseer in 'n skool waar die meerderheid van die leerlinge aan protestants-christelike kerke behoort? Sal hy hom kan losmaak van sy eie religieuse beskouinge en reg laat geskied aan die godsdienstige behoeftes van dié leerlinge aan hom toevertrou? Hoe gaan hy die huidige leergange van die Onderwysdepartement in godsdiensonderrig vertolk en implementeer? Of sal die ouers van die leerlinge dan noodgedwonge van subartikel (3) gebruik moet maak? Hierdie artikel bepaal:

"Indien die ouers van 'n leerling wat enige openbare skool bywoon die hoofonderwyser daarvan skriftelik versoek dat die leerling vrygestel word van godsdiensonderrig, moet die leerling aldus vrygestel word totdat die versoek teruggetrek word". (8)

3.2 LEERSTELLIGE GODSDIENSONDERRIG IS NOODSAAKLIK

Die inleiding tot die grondwet van die Republiek van Suid-Afrika begin met die volgende belydenis:-

"In nederige erkentlikheid teenoor die Almagtige God, Beskikker oor die lotgevalle van nasies en die geskiedenis van volkere;

Wat ons voorgeslagte uit baie lande byeengebring en hulle hier in hul eie gevestig het;

Wat hul weë deur geslagte bepaal het;

Wat hulle so wonderbaarlik deur gevare gelei het;

(7) Ibid.

(8) Sien bylaag B (art. 3).

VERKLAAR ONS, wat hier as verteenwoordigers van die volk vergader is, dat aangesien ons BEWUS IS VAN ons verantwoordelikheid voor God en die mensdom" (9)

Kan ons met só 'n belydenis in ons grondwet 'n godsdiensonderrig wat die gees van 'n neutrale houding weerspieël, in ons skole hê?

In die Protestants-christelike huisgesin is die kind verbondskind. Uit die Goddelike instelling van die Heilige Doop en die gelofte wat daarmee gepaard gaan, blyk die verwaandheid van diegene wat die kind aan homself wil oorlaat en hom nie aangaande God en Sy gebod, maar ook nie omtrent die ontferming van God in Christus, wil onderrig nie.⁽¹⁰⁾

Die christelike religie dring die gelowige om sy kind hieromtrent te onderrig en te laat onderrig, want: *"Elkeen wat 'n oortreder is en nie bly in die leer van Christus nie, hy het God nie. Wie in die leer van Christus bly, hy het die Vader sowel as die Seun".*⁽¹¹⁾ Ewe ernstig waarsku Paulus teen alles wat met dié gesonde leer in stryd is.⁽¹²⁾

Uit die voorgaande paragrafe is dit dus duidelik dat leerstellige onderwys noodsaaklik is. Dit is ook ewe duidelik dat met 'n kleurlose of neutrale godsdiensonderrig 'n posisie kan ontstaan waar die vakonderwys christelik is (vgl. die Nasionale Onderwyswet van 1967) terwyl juis die godsdiensonderrig neutraal is.

3.3 GODSDIENSONDERRIG VOLGENS DIE GELOOFSWAARHEDE VAN DIE DRIE FORMULIERE VAN ENIGHEID IS DIE ENIGSTE WARE GODSDIENSONDERRIG

3.3.1 Wat onder geloofswaarhede verstaan word

Protestants-christelike godsdiens is gebaseer op

-
- (9) Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1961. Pretoria. Wet no. 32 van 1961, p.347.
 (10) Potgieter, F.J.M. Prinsipiële verantwoording ten opsigte van Christelike opvoeding, opvoedkunde en onderwys. Bloemfontein, s.j. p.8.
 (11) 2 Joh. 1:9.
 (12) 1 Tim. 1:10.

bepaalde geloofswaarhede. Wat word egter onder dié bepaalde geloofswaarhede verstaan?

Dit was die stryd van die christelike kerk gewees om in die worsteling van die eeue deur haar konfessie die waarhede aangaande God uit die Skrif te bely. Dié waarhede wat so deur die kerk aanvaar is, synde in ooreenstemming met die Heilige Skrif en wat dan ook eindelik aanvaar is op grond van wat die Heilige Skrif leer, noem ons dogma.⁽¹³⁾

Die belydenis van die kerk en die dogma (geloofsleer) is nie die inhoud van 'n hoeveelheid skematiese kennis nie; intendeel, dis 'n inhoud wat uitdrukking gee aan die wonder van die liefde van God soos wat ons dit bewustelik kan belewe; dit is waarhede deur God aan ons gegee wat die kerk, in sy worsteling met die leuen, deur die genade van God behou het uit 'n stryd met bloed en tranen.⁽¹⁴⁾

Maar wanneer die dogma niks anders is nie as 'n intellektuele weergawe van die reël wat van buite geleer, en die kinders ingedril moet word sodat hulle weet hoe die waarheid klink, dan is dit 'n verintellectualisering van die godsdienstige lewe.⁽¹⁵⁾

Die openbaring van God is soos die brief van 'n Vader wat die kind nie kan nalaat om te lees nie.

"Dit is een zaak van zo eenvoudige psychologie, dat ieder, die de Bybel aanvaardt als het Woord van God, niet anders kan, dan ook het dogmatisch onderwijs zien als een wezenlijk bestanddeel van de godsdienstige opvoeding". ⁽¹⁶⁾

Die onderwys in die geloofswaarde is baie meer as net die getuienis oor die waarheid. Dit is getuienis van die waarheid waardeur ons oorwin is, omdat God ons aangegryp het en ons sterk geword het deur Sy Waarheid; maar ook andersom: dit is 'n getuienis van die oorwinning van God oor ons lewe,

(13) Waterink, J. Theorie der opvoeding. Amsterdam, 1951. p.575.

(14) Ibid.

(15) Ibid., p.574.

(16) Ibid., p.575.

omdat God immers self deur Sy Woord aan ons openbaar dat Hy ons wil oorwin. Verder is dit nie bloot maar 'n wedersydse oorwinning nie, maar ook kennis van die genade van God, dat Hy ons deur Sy Waarheid, Sy Goedheid en Sy Trou wil red en verlos.⁽¹⁷⁾

Tereg sê J. Waterink:

"Wie niet op de meest tere, fijngevoelige en tegelijkertijd beslist overtuigde en diep doorleefde wijze deze geloofsinhouden brengt tot het kind, onthoudt het kind iets, waarop het recht heeft en onttrekt aan het kind een van de meest krachtige opvoedingsmiddelen". (18)

3.3.2 Dié geloofswaarhede op eie bodem

Die Dordtse Kerkorde wat deur die Dordtse Sinode (1618/19) aanvaar is en wat die grondslag van die gereformeerde kerkregering vorm, bepaal in art. 21 oor die onderwys dat die kerkrade sal toesien dat die onderwysers die jeug moet onder-
rig *"in der Godsaligheijt ende in den Catechismus"*. Hieruit kan die vroeëre kerklike sorg vir die skole en die kerklike toesig oor die christelike skole verklaar word.⁽¹⁹⁾

In die Nederlandse onderwys van die 16e en 17e eeu het daar 'n diep gewortelde Calvinistiese geloofsoortuiging tot uiting gekom. Die kerk het daarvoor gesorg dat hierdie gees-teshouding op die Nederlandse jeug oorgeplant word. Die onderwys is beskou as 'n verlengstuk van die kerk; die skool het heeltemal in diens van die kerk gestaan en dit was 'n leerskool vir die opvoeding tot die calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing.⁽²⁰⁾

So het hierdie gebruik in 1652 na die Kaap gekom, waar die onderwysers onder die V.O.C.-bewind in ooreenstemming met die Sinode van Dordrecht (1618/19) lidmate van die Gereformeerde Kerk (toe die staatskerk) moes wees en die belydenis-stukke moes onderteken. Twee dae per week het die kinders

(17) Ibid., p.576.

(18) Ibid., p.577.

(19) Venter, E.L.J. Die Verband tussen kerk en skool in S.A., p.3.

(20) Du Toit, P.S. Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, p.1.

onderrig ontvang uit die Heidelbergse Kategismus. Hierdie beginsels was ook beliggaam in die ordonnansies van goewerneur De Chavonnes van 1714 en sou in swang bly tot 1804.⁽²¹⁾

So is die gereformeerde religie na Suid-Afrika oorgeplant om in die hart van elke Afrikaner vas te wortel en te groei as die grondslag van ons christelike nasionale lewens- en wêreldbeskouing. En hierdie lewens- en wêreldbeskouing het nie plek vir enige ander religie as leidinggewende grondmotief nie. Deur die Formuliere van Enigheid leer ons God ken uit Sy Woord: dit is die enigste suiwere Skrifgefundeerde dogma.

Die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing met sy integrale en radikale karakter as absoluut die enigste weg in die ware godsdiensoonderrig, vereis die kennis en deurtastende leiding van genoemde belydenisskrifte. Die dogmaklousule is egter die voorgeskrewe kleurlose religieuse masker waardeur gelowige en ongelowige, christen en heiden, moet kyk om God uit Sy Woord te leer ken, lief te hê en te dien.

Daar moet dus tot die gevolgtrekking geraak word dat die dogmaklousule gans en al nie voorsiening maak vir godsdiensoonderrig volgens die Protestants-christelike religie nie. Dit is 'n bepaling wat uit die humanistiese religie spruit.

Om hierdie stelling te bewys, sal in die volgende paragraaf kortliks aangetoon word hoe dié dwaling sy oorsprong het.

3.4 DIE HUMANISTIESE OORSPRONG VAN DIE DOGMAKLOUSULE

3.4.1 Die religieuse grondmotief wat aan dié klousule ten grondslag lê

Transendentale kritiek op die dogmaklousule toon duidelik dat hierdie klousule in die humanisme (resp. die liberalisme)

(21) Greyling, E. Christelike en Nasionale Onderwys, Deel 1. p.118.

gefundeer is. Die oorsprong daarvan kan tot die religieuse grondmotief van Natuur en Vryheid van die moderne wysbegeerte, of selfs verder terug tot die Rooms-Katolieke grondmotief van Natuur en Genade, ja selfs die ou Griekse grondmotief van Vorm en Materie, teruggevoer word.⁽²²⁾

Om by laasgenoemde te begin. Aristoteles het die mens gesien as saamgestelde wese: materie (liggaam) en vorm (siel). Soos vorm die vervolmaking is van materie, so is die siel die vervolmaking (vorm) van die liggaam (materie). Daarom is die siel van hoër belang as die liggaam. As laasgenoemde sterf, sterf die "*nous*", die redenerende denkvermoë van die siel, nie daarmee saam nie. So het by die Aristoteliese wysbegeerte die "*nous*", die redenerende denke, die allesbeheersende mag geword - die redefunksie van die mens is dus vergoddelik. Thomas de Aquino (1225-1274) het by die denkbeelde van Aristoteles aangesluit in sy poging om christendom en heidendom te versoen. Hy het onderskei tussen 'n "*natuurlike onderbou*" wat die terrein van die outonome teoretiese rede is en 'n bonatuurlike bobou (die terrein van die genade, wat die uitsluitlike saak van die kerk is). Eersgenoemde terrein is neutrale terrein, bo alle geloofsverdeeldheid verhewe. Aangesien die staat as "*natuurlike samelewingsvorm*" gegrond is in die redelike aanleg van die menslike natuur, is dit neutraal en streef na die algemene welsyn van die onderdane.⁽²³⁾

Thomas se opvatting van die outonomie van die rede op natuurlike gebied het noodwendig gelei tot verwerping van outoritêre bindinge op alle terreine.⁽²⁴⁾

Onwillekeurig het Thomas de Aquino die bodem voorberei waarop die moderne filosofie welig groei. René Descartes (1595-1650), die vader van die moderne wysbegeerte, het sterk invloed van Thomas ondergaan. Descartes het die volstrekte

(22) Vgl. in hierdie verband Dooyeweerd, H. Vernieuwing en Bezinning om het Reformatorisch Grondmotief, p.8-15, 111-116.

(23) Vgl. Venter, E.A. Die ontwikkeling van die Westerse denke, p. 31-38, 51-61.

(24) Venter, E.A. Wysgerige temas, p.71.

outonomie van die rede van die mens geponeer en die impetus verskaf waaruit die moderne filosofie, met die grondmotief "*Natuur en Vryheid*" (of ook: Wetenskapsideaal en Persoonlikheidsideaal), gebore is. Die grondgedagte hier is: wanneer die outonome mens die natuur volledig beheers en onderwerp deur middel van sy soewereine rede, sal die menslike persoonlikheid sy volle vryheid ingaan. Die persoonlikheids-ideaal kulmineer in die idee van die volstrekte outonomie van die rede; die integrale beheersing van die werklikheid deur 'n nuwe skeppende denkmetode is die wetenskapsideaal.⁽²⁵⁾

Uit die wortel van die persoonlikheidsideaal het die strewe van Jean Jacques Rousseau (1712-1778) om vir die vrye menslike persoonlikheid die alles-oorheersende plek op te eis, gespruit.⁽²⁶⁾ Hierop stoel die idee van die soewereine individu wat as redelik-sedelike wese gelyk is aan elke ander individu. Daar mag dus nie tussen individue gediskrimineer word nie. Elke individu is van nature goed en gaaf, besit hoë menslikheidswaarde en moet dus getolereer word wat sy persoonlike beskouinge betref. Inmenging in sy persoonlike aangeleenthede is ongeoorloof. Skoolkinders is potensieel volwaardige, soewereine, gelyke en vrye individue en daarom moet seksionalisme in staatskole bestry word. Geen groep (godsdienstig, kultureel, ens.) mag bevoordeel word nie. Daarom moet die godsdiensonderrig 'n onderwys bo geloofsverdeeldheid wees, ondogmaties en vrywillig. Hierdie onderwys moet gekenmerk word deur vrede en verdraagsaamheid.⁽²⁷⁾ Omdat die skool staatsinrigting is en die staat op die terrein van die natuur lê, moet die skool hom ook nie besig hou met die sake wat op die terrein van die genade (dit is die kerklike terrein) lê nie. Dogmatiese onderrig is hiervolgens suiwer genade-terrein, dus die taak van die kerk.

Dit alles is die agtergrond van die dogmaklousule wat via die Rasionalisme van die Aufklärung en die Franse Rewolusie,

(25) Venter, E.A. Die ontwikkeling van die Westerse denke, p.76-86.

(26) Ibid., p.86.

(27) Vgl. Stoker, H.G. Die stryd om die ordes, pp.16-33.

via De Mist en die Britse onderwyswette sy weg na die Transvaalse Onderwysordonnansie gevind het.

3.4.2 Die humanisme oorgeplant in die onderwys in Suid-Afrika; in besonder die invloed daarvan op bepalinge vir godsdiensonderrig

Die geskiedenis van onderwys in Suid-Afrika, meer bepaald die godsdiensonderrig, toon soos verderaan aangedui sal word, deurgaans die invloed van 'n liberalistiese stroming wat sy oorsprong in die humanisme het.

Aanvanklik het die onderwys aan die Kaap 'n sterk gereformeerde inslag gehad; 'n onderwyser wat die Bybel in slegte lig gestel het, is byvoorbeeld op aandrang van die kerkraad onmiddellik gedeporteer.⁽²⁸⁾ Geleidelik het die toestand egter verander.

Hierdie gees van verandering is reeds te bespeur in die Reglement van 1782 wat betrekking gehad het op die godsdiensonderrig in die skole in Kaapstad. Dr. P.S. du Toit beskryf dit soos volg:-

"Belangrik is die verskil wat waar te neem is in sake die bepalinge oor godsdiensonderrig, die saak waarop klem geval het in De Chavonnes se wet. Waar daar volgens die wet van 1714 baie aandag gegee moes word aan die verkry van 'God vresende leermeesters', van wie verwag sou word om die kinders van jeugsaf te leer die Onse Vader, die Tien Gebooe, verskeie gebede en die Katechismus, word van godsdiensonderrig in dié Reglement van 1782 geen melding gemaak nie en word volstaan met te bepaal dat die onderwyser sy skool die oggend moet open en die middag moet sluit met 'n gebed". (29)

Ook wat die verantwoordelikheid van die onderwyser teenoor die sedelike opvoeding en vorming van die leerlinge, veral buite die skoolure, betref, het daar intussen blykbaar 'n verslapping gekom. Die leerlinge was wel nog ernstig vermaan

(28) Malherbe, E.G. Education in South Africa, p.35.

(29) Du Toit, P.S. Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652-1795. Kaapstad, 1937. p.194.

tot godvresendheid, maar op die verpligtinge van die onderwyser buite die skool was daar nie meer soveel klem gelê nie.⁽³⁰⁾

Van toe af sou godsdiensonderrig nie meer die belangrikste vak op skool wees nie. Uit ds. Spenlin se voorstelle in 1788 vir 'n inrigting met slegs sekulêre onderwys, blyk dat godsdiensonderrig nie meer hoofsaak was nie, dat godsdiensonderrig deur predikante gedurende skoolure gegee word, en by gebrek aan 'n predikant kon dit heeltemal van die skool geskei word.⁽³¹⁾

Terselfdertyd was daar in die verwante stamland (Holland) ook reeds veranderinge in die godsdiensonderwys. Die Nasionale Skoolwet van 1801 het bepaal dat eerbied aan die Opperwese betoon moet word, maar dat die leerstellinge wat onderling ten opsigte van die verskillende kerkgenootskappe verskil, vermy moes word. Voorheen het die kerk bepaal wat in dié verband op skool geleer moes word.⁽³²⁾

Die nuwe rasionalistiese denkrigting van die agtiende eeu het meer staatgemaak op die menslike denke en vermoë as op die Almag en leiding van God. Dit het in kerkkringe teësin en ontevredenheid tot gevolg gehad en 'n poging is aangewend om die invloed van die kerk op die onderwys te beperk of heeltemal uit te skakel. Gedurende die Franse Rewolusie het die invloed wat die kerk in die skool uitgeoefen het, verdwyn en het die skool geheel en al 'n saak van die staat geword. Die staat het van die skool verwag om vaderlandsliefde by die kinders te kweek en hulle te skool in kennis wat hulle in staat sou stel om beter in diens van die staat te kon staan. So het die volkskool in Nederland ontstaan.⁽³³⁾

Veranderinge ten opsigte van dogmatiese onderwys moet egter nie net aan die invloed van die Franse Rewolusie toege-

(30) Ibid.

(31) Venter, E.L.J. op.cit., p.13-14. (Vgl. ook Du Toit, P.S. Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652-1795. p.204).

(32) Ibid., op.cit., p.15-16.

(33) Ploeger, J. Onderwys en Onderwysbeleid in die Z.A.R. onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt. p.1-11.

skrywe word nie, maar ook aan veranderinge in die kerk self. Vroeër was daar nog kerklike eenheid maar mettertyd het daar as gevolg van kerklike verdeeldheid en verskeurdheid ook botsende standpunte met betrekking tot christelike leerstellings na vore getree. Dit het aan die skool sy veelsoortige karakter gegee - kinders van ouers van uiteenlopende denominasies het nou in dieselfde skool hulle godsdiensonderrig ontvang.

Aan die Kaap was onderwystoestande op hierdie stadium egter anders as in Nederland en in velerlei opsig ook eenvoudiger. Die gees en rigting van die onderwys was gereformeerd konfessioneel en was bedoel vir 'n ongemengde skool van enersdenkende geloofsgenote. (34)

Nogtans sou ook hierdie toestand in Suid-Afrika sterk beïnvloed word deur die liberale denkrigting wat gesoek het na 'n versoening tussen die christendom en 'n humanistiese kultuur. Dit sou nie met die christendom breek nie, maar het getrag om 'n nuwe vertolking van die christelike waarhede te gee, maar dan so dat die mens, die vrye mens, daarin tot sy reg kom. (35)

Gedurende die bewind van komm.-genl. de Mist met die Bataafse tydperk aan die Kaap (1803-1806) is die liberale denkrigting met betrekking tot die godsdiensonderrig na Suid-Afrika oorgedra. Hy het 'n neutrale, kleurlose godsdiensonderrig bo geloofsverdeeldheid probeer invoer. Hierdie soort godsdien is deur hom so gesien:

"Men bedoeld hier niet een of ander byzonder godgeleerd stelsel, maar de openbaare erkentenis van het bestaan van een, oneindig, Opperwezen, de erkende plicht om dit Wezen te eerbiedigen en hulde te doen, en om daaruit, zowel als uit besef van de noodzakelyke bevordering van tydelyk en eeuwig geluk, af te leiden, en voorschriften van, en verplichting tot, de betrachting van allerlei maatschappelijke deugden". (36)

(34) Greyling, E. Godsdiensonderwys in die skool, p.28.

(35) Hanekom, T.N. Liberalisme en sy invloed in Suid-Afrika. Koers, 16(1): p.5, Aug. 1948.

(36) Memorie, De Mist. p.44. (Aangehaal deur Van der Merwe, J.P. Die Kaap onder die Bataafse Republiek, p.195).

Hierdie beskouing stem ooreen met die destydse gees wat daar met betrekking tot die godsdiensoonderrig in Nederland geheers het.

Daar was selfs tevredenheid onder beide Hervormdes en Katolieke oor hierdie "neutraliteit".⁽³⁷⁾

Hoewel De Mist godsdiensoonderrig as noodsaaklik vir 'n beskaafde volk beskou het⁽³⁸⁾, het hy tog die kerk aan die staat onderwerp. Die reg van die kerk om volgens die Dordtse Sinodebesluit van 1618/19 onderwysers te ondersoek en om voor te skryf op die gebied van die godsdiensoonderrig, is hom ontnem en so is kerk en skool geskei.⁽³⁹⁾

Art. 18 van De Mist se Kerkorde het bepaal:

"De openbaare scholen strekkende tot onderwijzing der Jeugd, behooren niet tot eenig bijzonder Kerkgenoodschap. Het zijn kweekplaatsen, om goede Burgers voor den Staat te vormen: en als zodanige staan dezelve onder het onmiddellijk toezicht en bestuur van het Gouvernement". (40)

Uit hierdie sekulêre aard van die onderwys spruit die sogenaamde onsektariese of nie-denominasionele skool wat ons vandag in Suid-Afrika aantref.

Daar is reeds aangetoon hoedat De Mist die liberale tydsgees van Europa vertolk het. Die einddoel van die mens word uit die ewige na die tydelike verlê, daar die kind minder tot hemelburger en meer tot wêreldburger gevorm moes word.⁽⁴¹⁾

Sy humanistiese gesindheid blyk ook uit sy opmerkinge oor die noodsaaklikheid van goeie skole,

(37) Van der Merwe, P.J. op.cit., p.195.

(38) Du Toit, P.S. Onderwys aan die Kaap onder Bataafse Bestuur, p.2.

(39) Venter, E.L.J. op.cit., p.14. (Vgl. ook Du Toit, P.S. op.cit., p.28,39).

(40) Provisioneele Kerken-Ordre voor de Bataafsche Volksplanting aan de Kaap de Goede Hoop. (Aangehaal deur Du Toit, P.S. op.cit., p.43-44).

(41) Van der Merwe, P.J. op.cit., p.193.

"in de directie erover moeten kundige mannen zijn en wijnige of geene geestelijken-deeze laatste smooen alle liberale denkbeelden, kunnen mischien Christenen vormen, maar veel al elendige Leden voor eene Maatschappij, die veel activiteit behoeft". (42)

Op aandrang van Sir John Herschel wat die opvoeding as staatsaak beskou het, is in 1839 die eerste Superintendent-generaal van Onderwys aangestel. Reeds twee jaar vroeër het kol. Bell, die koloniale sekretaris, duidelik gestipuleer dat dié S.G.O. moet wees

"a sound, clearheaded man, either not belonging to the ministry or so untingured with prejudice in favour of this or that form of Christian Protestant faith, as to constitute him an impartial Director General of Public Schools in this Colony". (43)

Deur hierdie beleid is alle dogmatiese onderrig uit die skoolprogram verban. Die Watermeyer-kommissie het in 1863 gerapporteer dat alle leerstellige onderwys uit die publieke skool geweer is:

"Het beginsel der volksschool in dezen moet dan ook, meenen wij, bij consequente ontwikkeling leiden tot het geven van zuiver intellectueel onderricht zonder eenigen zedelijken of godsdienstigen grondslag, wat niet alleen volksbedervend en maatschappij verwoestend, maar ook praktisch onmogelijk is, zoolang men geen onderwijsmachines heeft uitgevonden". (44)

Wet No. 13 van 1865, waardeur hierdie beleid vasgelê is, het die Kaapse Skool tot 'n godsdienstlose skool verklaar.

Uit die geskiedenis van die onderwysinrigtings van daardie dae blyk die liberalistiese neigings baie duidelik. Die vereniging *"Tot nut van't Algemeen"* is gestig deur

-
- (42) As. Raad 21, Bijlaag N. 109 Rijk.-Arch. (Aangehaal deur Van der Merwe, P.J., op.cit., p.180-181).
(43) Van Wyk, A.H. du P. Die Invloed van die Engelse Skoolwese op die Kaapse Skoolwese, p.62.
(44) Venter, E.L.J., p.28.

ywerige beoefenaars van "den natuurlijken godsdienst" en prof. N.J. Hofmeyer plaas hierdie beweging in 1854 onder die vaandel van die liberalisme: "wat hen tezamen vereenigde was niet de belydenis, maar de verloochening der uitsluitend Christelike waarheden!"⁽⁴⁵⁾

In die sestigerjare van die 19e eeu het dit duidelik geblyk hoe die agitatie vir christelike onderwys deur die liberale pers afgewys is. Voorstanders van christelike onderwys is as teenstanders van die ware vooruitgang bestempel.⁽⁴⁶⁾

Hierdie stryd om christelike onderwys in die sestigerjare word die beste weerspieël in die stryd wat ds. S.J. du Toit teen hierdie liberale gees gevoer het. In sy "Repliek op alle Recensiën"⁽⁴⁷⁾ verwys ds. Du Toit veral na Nederland; in die eerste plek na die ooreenkoms van "toestande" hier in Suid-Afrika en in die tweede plek na die ooreenkoms in "beginnels".

Die ooreenkoms met "toestande" hier in Suid-Afrika blyk uit die volgende:

"(a) ook in Holland is die hoofgedagtes van die staatskool volgens die wet van 1857 die skoolleenheid vir Jood en Kristen, vir Protestant en Rooms-Katoliek, (b) ook daar is nog godsdienst op die neutrale skool ondanks die wet, (c) ook daar is die neutraliteit 'n fiksie, (d) ook daar voer die neutraliteit konsekwent tot die godsdienstloosheid van die skool, (e) ook daar werp hulle hierdie beskuldiging met verontwaardiging van hulle, (f) ook daar maak die wet enige voorsiening vir die godsdienst: 'zij bepaalt uitdrukkelijk dat het onderwijs moet opleiden tot alle nationale en christelijke deugden. Vond men die in Holland nl. dat wijzelven onze onderwijzers kunnen kiezen, daarentegen weegt deze bepaling ruim op. Immers de onderwijzer staat met de Direktie en den schoolopziener onder de wet. En waar is in onze wet de bepaling dat het onderwijs dus moet gegeven worden, dat het tot alle, nationale en christelijke' deugden opleidt? Geen woord daarvan. Daartegenover staat bij ons: buitenaf kunt gij godsdienstig onderwijs geven, maar op school moet gij, den Mahomedaan met uwe

(45) Hanekom, T.N. op.cit., p.38.

(46) Ibid., p.39.

(47) Repliek op alle Recensiën, p.49. (Aangehaal deur Venter, E.L.J. op.cit., p.38-39).

'nasionale' en den Jood met uwe 'christelike deugden' niet hinderen". (48)

Die ooreenkoms in beginsels blyk weer uit die volgende:

"(a) Ook in Holland is daar geen heil van die staat te wagte nie om die skoolwet te verbeter, (b) ook daar wil die kerk die onderwys in die hande hê, (c) ook daar wil die teenstanders van die neutrale staatskool hê, dat die skool gegrond sal wees op die Kristendom en nie op humaniteit nie, (d) ook daar neem hulle aan dat godsdienste wetenskap nie geskei behoort te word nie en dat dié skeiding die wetenskap ondermyn". (49)

Die spoor van humanisme in die onderwys in Transvaal vind ons verder in die Burgerswet van 1874.⁽⁵⁰⁾ Art. 4 van dié wet het o.a. bepaal:

"Die onderwysers of onderwyseressen zullen zich onthouden van iets te doen of te laten dat strydig is met de eerbied verschuldigd aan de godsdienstige begrippen aan de andersdenkenden".

Ds. S.J. du Toit het in 'n uitgawe van "Elips" in Julie 1876 o.a. oor dié onsektariese godsdienstonderwys as beginsel die volgende geskryf:

"Dat beginsel zal gewis langzamerhand doorwerken in het hart der jeugd. Het is een zaadkorrel uitgestrooid in duizenden jeugdige harten, die gewis later bittere vruchten van godverzaking dragen zal voor het nageslacht". (51)

Die stryd teen die versekularisering van die onderwys in Kaapland ontbrand weer met die ontwaking van die Afrikaner op kultuurgebied, toe in 1886 onder leiding van J.H. Hofmeyer 'n wet deur die Kaapse Parlement geloods is wat bepaal het dat die skooldag met 'n halfuur verleng moes word sodat godsdienstonderwys binne skoolure kon val.⁽⁵²⁾ In Transvaal het die Milner-Sargant-onderwyswet No. 7 van 1903 weer bepaal dat

(48) Venter, E.L.J. p.38-39.

(49) Ibid.

(50) Wet No. 4 van 1874. (*In De Locale Wetten der Z.A. Republiek, 1849-1885. Pretoria, 1894*).

(51) Venter, E.L.J. op.cit., p.34.

(52) Du Toit, J.D. S.J. du Toit in weg en werk. (*In Versamelde werke van J.D. du Toit, Deel I, p.61*).

godsdiensoonderrig vir twee ure per week gegee mag word. Indien ouers dogmatiese onderwys verlang, kon predikante dit gedurende skoolure vir een uur per week in Hollands gee.⁽⁵³⁾ Hierdie bepaling het blykbaar ook ten doel gehad om te voorkom dat die kerk C.N.O.-skole oprig.⁽⁵⁴⁾

'n Liberalistiese maatreël in die onderwys van Transvaal kom onteenseglik duidelik na vore deur die Smutswet van 1907. Ook die Kaapse onderwyswette van hierdie tyd het 'n liberalistiese gees geadem. Uit die bepalings van die onderwyswette van die twee genoemde kolonies blyk die volgende:-

- (a) C.N.O.-skole word deur die staatskole vervang.⁽⁵⁵⁾
- (b) Geen leer of dogma word in godsdiensoonderwys in die openbare skool toegelaat nie.⁽⁵⁶⁾
- (c) Die Smutswet verwerp die C.N.O.-beginsel, en wel ten opsigte van die grondreg van die ouers, naamlik om die gees en rigting van die onderwys op skool te bepaal en om die onderwyser vir hulle kinders aan te wys.⁽⁵⁷⁾
- (d) Die Smutswet maak geen voorsiening vir die beginsel dat na die godsdiensoortuiging van die onderwyser navraag gedoen mag word nie.⁽⁵⁸⁾

Die aard van die bepalings in genoemde onderwyswette is dus duidelik 'n neiging na nie-sektariese godsdiensoonderrig wat 'n welbekende beginsel van die Britse onderwys was. Die Nicol-ordonnansie (No. 53(4) van 1953) bepaal ten opsigte van godsdiensoonderrig feitlik presies dieselfde as die Smutswet van 1907, behalwe dat die *"geen leer of dogma eie aan enige godsdienstige gemeente of sekte"* van 1907 in die nuwe vervang word deur *"geen bepaalde leer of dogma wat onderskeidend is van 'n besondere gesindte of sekte"*.

(53) Ordonnansie No. 7 van 1903, art. 5(1).

(54) Coetzee, J.Chr. Onderwys in Suid-Afrika 1652-1956. Pretoria, 1958. p.277-278.

(55) Ibid., Onderwys in Transvaal, 1838-1937. p.99-100.

(56) Ibid.

(57) Ibid.

(58) Wetten van Transvaal, 1907. Art. 34 van Wet No. 25 van 1907.

Dit skyn dus heeltemal geregverdig te wees om tot die volgende gevolgtrekking te geraak: die dogmaklousule is 'n skynkompromie tussen positiewe protestants-christelike religie en die humanistiese religie.

3.4.3 Die humanisme soos dit hom in die godsdiensonderrig openbaar

Met betrekking tot die onderwys en opvoeding huldig die humanisme (liberalisme) die standpunt dat

"alle kinders as potensieël volwaardige soewereine, gelyke en vrye individue dieselfde kanse en geleenthede vir onderwys en opvoeding moet hê. Daarvoor kan die staat die beste sorg. Die staatsonderwys moet vry wees, sodat ook die armste daarvan gebruik kan maak. Die staatskole behoort alle seksionalisme te bestry, want verskille tussen mense is bykomstig, hul essensiële gelykheid hoofsaak. Die vorming van die rede en die wil van die toekomstige staatsburgers moet die soewereine en individuele menslikheidswaarde tot die hoogsmoontlike bloei bring, en hierin moet alle kinders gelykelyk behandel word Die kinders moet soveel as moontlik kennis versamel, selfstandig dink en deur kinderlike selfbesture leer om selfstandig te wil en saam te werk". (59)

Bevoorregting van groepe (rykes, godsdienstige groepe, e.d.m.) mag nie geskied nie.

Godsdiensonderwys is volgens die humanisme nie nodig nie, maar waar burgers dit in staatskole vereis, sal die godsdiensonderrig 'n onderwys bo alle geloofsverdeeldheid, ondogmatiese onderwys wees, en mag nie almal verplig word om godsdiensonderrig by te woon nie. Hierdie onderwys moet die gemeenskaplike van die groepe beklemtoon en mag geen seksie aanstoot gee nie. Onderwysers sal aangestel word alleen volgens meriete of bekwaamheid. By sodanige aanstellinge mag nie teen die een of ander seksie gediskrimineer word op grond van nasionaliteit of van kerklidmaatskap nie.⁽⁶⁰⁾

(59) Stoker, H.G. Die stryd om die ordes. Potchefstroom, 1941. p.31.

(60) Ibid., p.31.

Beoordeel teen die agtergrond van die humanisme, soos hierbo gekarakteriseer, is dit nogeens duidelik dat ons in die dogmaklousule van die Transvaalse Onderwysordonnansie met 'n kompromie met die humanisme te doen het.

3.5 BESWARE TEEN DIE NEGATIEWE INHOUD VAN DIE DOGMA-KLOUSULE

3.5.1 Die formulering van die dogmaklousule van die Transvaalse Onderwysordonnansie No. 53 van 1953 kan so geïnterpreteer word dat geen dogmatiese onderrig toelaatbaar is nie, want per slot van sake is alle dogma tog onderskeidend. Hierteenoor stel Waterink duidelik die standpunt: *"Godsdienstige opvoeding, sonder dat het kind komt tot kennis van de geloofs-waarheden ("dogmata") is niet mogelijk".* (61)

Met *"kennis"* bedoel hy kennis soos dit uit die Skrif na ons kom. Hy stel dit so:

"De kennis van het intellektualisme is cerebraal, d.w.s. het is kennen met het hoofd, het is verstandelijk weten, het is het van buite kennen van allerlei waarheden, het is het 'snappen' van logische verhoudingen; maar de kennis waarover de Schrift handelt, is een gans andere. Wanneer Christus zegt in Johannes 3:17: 'Dit is het eeuwig leven, dat zij U kennen' dan voelt iedere Schriftleser, dat het niet de bedoeling kan zijn, dat dit 'eeuwig leven' is, dat men veel van God weet. De kennis in de Schrift is de kennis waarmee de moeder haar kind kent en de jongeling zijn geliefde, het is het kennen met het hart". (62)

3.5.2 In die godsdiensonderrig kan daar nooit genoeg geneem word met 'n feitelike mededeling nie. Dit gaan nie om blote feitekennis nie, maar soos Waterink tereg sê, om 'n *"kennen met het hart"* en hierdie kennis met die hart moet die kind in staat stel om in die kultuuumgewing waarin hy hom as geskapene van God bevind, *"belijder te zijn van de Naam des Heren temidden van de veelheid van zijn werken".* (63)

(61) Waterink, J. Theorie der opvoeding. p.573.

(62) Ibid. Grondslagen der didactiek. p.14.

(63) Ibid., p.53.

3.5.3 Indien die onderhawige dogmaklousule letterlik nagekom word, maak dit die Bybel koud en gevoelloos en word godsdiensonderrig blote literatuurstudie. Tereg sê Greyling hiervan die volgende:

"Hy wat meen dat sy skool christelik is omdat die Bybel daarin as literatuurskat gewaardeer word, misken die doel van die Skrifwoord en van Godsdiensonderwys, oorskat die invloed van literatuurstudie verlaag die Bybel deur dit net as literêre produk voor te hou - en stel homself tevrede met die geraamte van Christelikheid". (64)

In die literatuurstudie is die menslike hoofsaak, in die ware godsdiensstudie, die Goddelike. 'n Literatuurstudie van die Bybel ontaard gewoonlik in blote humanisme, mensverheerliking. Dit mag 'n gedaante van christelikheid aan die skool gee vir oningeligtes wanneer hulle verneem dat die Bybel tog daar gebruik en gewaardeer word, maar 'n blote literatuurstudie het geen invloed op die res van die skool nie; so 'n godsdiensonderrig laat die gees en rigting van die skool koud en gee geen lewensuitsig aan die leerlinge nie. Dis 'n godsdiensonderrig met 'n lagie christelike vernis daaroor. (65)

3.5.4 Godsdiensonderrig as vak in die leerplan van die skool sonder die reg om die protestants-christelike waarhede te beklemtoon, kan ook nie die christelik-religieuse grondmotief indra in ál die ander werksaamhede en aktiwiteite van die skool nie. Christus spreek nie net mee in die eerste periode van die skooldag nie, maar in elke periode en ook deur die hele dag.

3.5.5 Godsdiensonderrig bo geloofsverdeeldheid veronderstel 'n gemengde skool waarin kinders van alle kerke en gelowe (Gereformeerdes, Lutherane, Wesleyane, Anglikane, ens.) gesamentlik godsdiensonderrig ontvang uit die Bybel as gemeenskaplike bron van die christelike waarheid met uitsluiting van die dogma, veral dié wat die kerke van mekaar skei. (66) In so 'n

(64) Greyling, E. Christelike en nasionale onderwys, p.11.

(65) Ibid., p.11-12.

(66) Ibid., p.118.

situasie moet die onderwyser hom dus kan losmaak van sy eie lewens- en wêreldbeskouing. Die vraag is: Kan 'n onderwyser in wie se lewe die christelik-religieuse grondmotief 'n werklikheid is, neutraal wees? Dit

"sou alleen moontlik wees as die onderwyser in die môre wanneer hy die skool binnestap, sy persoonlikheid buitekant kon laat. Dit sou moontlik wees as hy sy koers in die verlede sowel as sy strewe vir die toekoms kon vergeet. Dit sou moontlik wees as hy sy stembuiging so kon reguleer dat hy nie onbewus meer klem sou lê op een woord as 'n ander nie. Dit sou moontlik wees as hy sy woorde so kon kies dat hulle almal kleurloos sou wees en alle woorde aan enige leerstellige stelsel eie kon uitsluit. Dit sou moontlik wees as hy geen woorde kon gebruik nie, want in selfs een woord, soos bv. Jesus, lê hoofstukke van dogmatiek. Dit sou moontlik wees as hy 'n rubberseël was wat sy werk op dooie papier kon afdruk in plaas van op lewende, reagerende kinderpersoonlikhede. Dit sou moontlik wees maar dis onmoontlik". (67)

Aan die anderkant moet die onderwyser natuurlik waak teen dogmatisme, konfessionalisme en kerkisme. Tereg sê Waterink:

"Dit is het gevaar van het confessionalisme dat confessie en kerk zó samenbindt, dat men tenslotte maar één waarheid ziet, dat is de waarheid, zoals men die zelf scherp intellectueel poneert en niet de waarheid, zoals die in die Schrift in volle omvang ons wordt gegeven". (68)

3.5.6 Die dogmaklousule, soos geformuleer in die betrokke ordonnansie, verbied klaarblyklik 'n leerstellige interpretasie, of beperk dit minstens tot 'n minimum. So lê dit 'n beperking op die onderwyser en dwing dit hom om op die oppervlakte te bly. Dit maak eie studie en verdieping vir hom dus oorbodig en bring 'n verlaging in die aanbieding van sy godsdiensonderrig in die klaskamer. Vanselfsprekend verlaag dit ook die onderwys self. Die godsdiensonderrig word so die onderrig van 'n verhaal, van feite, en dan is dit niks anders as 'n aanplaksel van buite nie.

(67) Greyling, E. op.cit., p.127-128.

(68) Waterink, J. Theorie der opvoeding, p.578-9.

3.5.7 Godsdiensonderwys bo geloofsverdeeldheid maak van die onderwyser 'n bloedlose, koue ding, 'n dooie liggaam sonder hart en dikwels sonder brein. Dit veronderstel dat die onderwyser 'n lewelose masjien is, en verlaag sy taak tot die van 'n robot.⁽⁶⁹⁾

As dit meer as 'n gewetensalf wil wees en die doelstellinge soos reeds vooraf genoem, wil bereik, dan kan met 'n godsdiensonderrig bo geloofsverdeeldheid nooit volstaan word nie. Sodanige onderwys is sonder krag en mis sy doel.

3.5.8 As gevolg van sy interkonfessionele aard moet 'n godsdiensonderrig bo geloofsverdeeldheid neutraal staan teenoor die kerk waaraan die kind behoort. Die ondervinding het geleer dat die kind wat interkerklik opgevoed word, baie gou geen kerk en ook geen persoonlike godsdiens meer het nie.⁽⁷⁰⁾

3.5.9 Die dogmaklousule is 'n onreg teenoor die Afrikanerkind wie se kerk die Calvinistiese belydenis, soos vervat in die Drie Formuliere van Enigheid onderskryf.

3.5.10 Indien hierdie standpunt oor die dogmaklousule te radikaal is, kom die vraag na vore of 'n minder radikale standpunt nie soos die sout is wat laf geword het nie: *"dit deug nêrens meer voor as om buite gegooi en deur die mense vertrap te word nie"*.⁽⁷¹⁾

Die Christengelowige kan met 'n neutrale godsdiensonderrig nooit genoeg neem nie, want Christus het self gesê: *"Hy wat nie met My is nie, is teen My; en hy wat nie saam met My versamel nie, verstrooi"*.⁽⁷²⁾

(69) Greyling, E. op.cit., p.130.

(70) Ibid., p.132.

(71) Matt. 5:13.

(72) Matt. 12:30.

3.6 SAMEVATTING

Die kritiek met betrekking tot die dogmaklousule van die Transvaalse Onderwysordonnansie van 1953 kan nou samevattend soos volg geformuleer word:

- 3.6.1 Na die letter van die wet verbied art. 53(4) van Ordonnansie 29 van 1953 alle dogma by die dosering van godsdiensonderrig in die skool.
- 3.6.2 Godsdiensonderrig sonder dogma is onmoontlik, daarom kan daar ook nie so iets soos neutrale godsdiensonderrig wees nie.
- 3.6.3 Die reformatories-christelike Afrikaner het hom deur die doopbelofte voor God en Sy gemeente gebind om sy kinders in die leer te onderrig en te laat onderrig.
- 3.6.4 Die leerstellings van elke onderwyser se eie kerk, en daarom sy geloofsoortuiging, vorm deel van sy eie lewens- en wêreldbeskouing waarvan hy hom in die aanbieding van sy godsdiensonderrig nie kan losmaak nie. Onder dié omstandighede waar die skool besoek word deur leerlinge van uiteenlopende godsdienstige gesindtes en met die bestaande Provinsiale onderwyswetgewing kan die onderwyser nie aan sy Godgegewe taak reg laat geskied nie.
- 3.6.5 Geloofswaarhede van die Drie Formuliere van Enigheid is dogma wat uitdrukking gee aan die wonder van die liefde van God en die godsdiensonderrig daarvolgens is die enigste ware godsdiensonderrig.
- 3.6.6 Die dogmaklousule is die voorgeskrewe kleurlose religieuse masker waardeur gelowige en ongelowige, christen en heiden, moet kyk om God uit sy Woord te leer ken, lief te hê en te dien.
- 3.6.7 Die dogmaklousule maak nie voorsiening vir godsdiensonderrig volgens die protestants-christelike religie nie en is 'n bepaling met humanistiese oorsprong.

- 3.6.8 Die humanisme is die immanensie-filosofie wat wil gelykstel, nivelleer, en wat sy eie vertroebelde denke tot onaantasbare dogma wil verhef. Die neutraliteits- en gelykbegeregtigingstendens van die dogmaklousule sluit hierby aan.
- 3.6.9 In die dogmaklousule van die Transvaalse Onderwys-ordonnansie het ons met 'n kompromie met die humanisme te doen.
- 3.6.10 Op die letter van die wet af eis die dogmaklousule net 'n feitelike verhaal van die Bybelse stof wat 'n kleurlose en neutrale, dus onaanvaarbare, godsdiens-onderrig is.
- 3.6.11 Blote literatuurstudie van die Bybel ontaard in humanisme.
- 3.6.12 Die klousule ontnem die skool die reg om o.a. 'n ware protestants-christelike gees en rigting te adem.

--- oOo ---